**Afrikaanse Gemeente UAE**

Ds Gert Els 050 836 8392
gert@dubaigemeente.com
elsgert@gmail.com
Jaargang 3 Uitgawe 80

# Engelstalige Erediens by Sharjah begin

## November 2008

| Sondag | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | 1 |
| 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7<br>Nagmaal<br>Afrondingsklas vir finale jaars begin | 8 |
| 9<br>Nagmaal<br>Al Ain | 10 | 11 | 12 | 13 | 14<br>Engelstalige diens by Sharjah begin om 12:00 | 15<br>Tweede Beplanningsdag<br>Dreamland Aqua Park<br>Jeuguitstappie |
| 16 | 17 | 18 | 19<br>24 Uur Gebedswag | 20 | 21<br>50 Dae Gebed om Herlewing begin<br>Jeug Groepleiers – Dag te Abu Dahbi | 22<br>Manne Gebedsoggend in die woestyn |
| 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28<br>Kerssangdiens | 29 |
| 30 | | | | | | |

**Engelstalige Erediens by Sharjah begin op 14 November 2008 om 12:00** net na afloop van Afrikaanse erediens. Daar is 'n dringendheid om uit te reik na al die Suid Afrikaners in die UAE. Na baie gebed en gesprek met verskeie persone is daar besluit om ook 'n Engelstalige diens te begin. Ons weet van baie Engelssprekendes in Mirdif/Sharjah omgewing wat nie bereik of bedien word met die Evangelie nie. Om 'n erediens vir hulle te begin is 'n beskeie poging om ook vir die Engelssprekende met Jesus se liefde te bedien. Ons vra elke lidmaat om asseblief hierdie nuus met Engelstaliges te deel maar veral om voorbidding te begin doen vir die 14de November se erediens.

**Christelike Maatskaplike Raad van Pietermaritzburg sê dankie**

Die wonderlike bedrag van R36,293.60 het met 'n engel na ons gevlieg van die " Afrikaanse kerke in Dubai". Halleluja, Prys Sy naam!! My hart is vol maar my woorde ont breek.

Ons staan verstom oor hoe klein ons dink en hoe groot ons God is. Ons kantoor was verstom dat julle, so vêr van ons, soveel geld aan ons skenk. Ons vergeet soms die kapasiteit van liefhê en omgee wat ons as Christene vir die liggaam van Christus het en dit maak dat ons werklik EEN is in Christus. Almal in die kantoor is netso verheug soos ek.

Liefde in Jesus. ADRI VAN DER SPUY

**Die leiersakp van ons gemeente vergader weer op 15 November 2008 vir die tweede beplanningsdag**. Ons vra die gemeente se voorbidding vir hierdie belangrike dag. Ons vertrou dat ons die nodige beplanning vir 2009 sal finaliseer.

**50 Dae Gebed om Herlewing vir UAE:** 'n Sterk fokus vir die jaar 2009 is om veral die duisende Suid Afrikaners in die UAE te bereik met die evangelie boodskap. Ons begin op Vrydag 21 November 2008 en eindig op 9 Januarie 09.

**40 Dae van Gemeenskap:** Dit word opgevolg met 'n 40 Dae van Gemeenskap wat 'n kragtige manier is waarop ons ander kan bereik met die Evangelie, self ook geestelik kan groei en God se Naam verheerlik.

**Driejarige Gemeente Viering**

Ons 40 Dae tydperk eindig met 'n Vieringsnaweek op 6 Maart 2009. Dit val saam met die viering van ons gemeente se driejarige bestaan . Ons gaan 'n massasaamtrek hê waartydens al die bedieningspunte een gesamentlike diens om 10:00 sal hê . Daarna geniet ons 'n heerlike spitbraai en kuier ons saam totdat ons klaar is. Op hierdie stadium is die Sharjah bedieningspunt uitnemend geskik daarvoor. Ons het 'n groot saal wat almal sal kan huisves, swemgeriewe, klim en klouter aparaat vir die kinders en 'n baie geskikte kuierplek.

**Jeug Groepleiers-dag te Abu Dahbi op 21 November 2008.** Ons herinner al ons jeugleiers aan hierdie geleentheid. Dit gaan 'n baie besondere dag wees met rondom motivering, opleiding en viering. Inligting sal aan almal uitgestuur word via epos.

**Kerssangdiens op 28 Novemer 2008**. Ons beplan 'n Kerssang-diens vir die naweek van 28 November. Na afloop van die diens is dit ook, by Jebel Ali, die maandelikse tee en verversings .

**Vanmiddag begin ons 14:00 - 16:00 met 'n Afrondingsklas vir Jongmense soos ek dit in die epos aan die gemeente aangedui het.** Die Afrondingsklas strek oor 6 Vrydae óf op 'n ander geskikte tyd soos deur die groep bepaal. By hierdie geleenthede praat ons oor geloofsekerheid en dissipelskap (Meer en meer soos Jesus).

# Afrikaanse Gemeente UAE

# *SELGROEP-BEDIENING en BIDURE*

*Sondagaaand*

- Aan huis van **Calvyn en Manda Hamman in Um Suqeim.** Dit is in 26E Street, No. 129, Al Safa Village 3. Kontaknommer is 04 - 342 0802. Tyd is 19:30
- Aan huis van **Jan-Louis en Obri Oosthuizen Springs12**. Dit is in Straat 1, Villa no 43. Kontaknommer is 04 361 4298. tyd is 19:00.

**Mirdif**

- Aan huis van **Leon en Helmien** Straat 87c Villa no 4, Leon 50-4568475 en Helmien 050-4568478. Tyd is 19:00

Maandagaand

- Aan huis van **Nicky** in die **Gardens 13**, onderste vloer no 6 Kontaknommer Nicky 050 467 3122. Tyd is 19:30
- Nog 'n **Springs groep** is by **Basie . Hulle vergader** om die beurt by verskillende huise. Dis 'n jonger groep en kontak besonderhede is as volg. Basie 0502533196

**Mirdif**

- Aan huis van **Riaan en Petro**. Kontakbesonderhede, **Straat 83, Villa 5, Mirdif**. Riaan 050-6401082 en Petro 050-050-4359406

**Abu Dhabi**

- Kontak **Leon Misselhorn,** indien u wil inskakel of mense verwys op 050 674 9133. Tyd is 19:00

Dinsdagaand

- Aan huis van **Piet en Carlien Vorster** in **Al Quasais** in die Fatima Ebrahim gebou nr 108. (Pienk gebou) regoor die Emirates College naby die Dubai Womens College en ook die Diyafa School. Daar is nie 'n naam op die gebou nie. Kontaknommer is 050 5989351

**Al Ain**

- By Oasis op Dinsdae aande vanaf 18H30. Dit is 'n groep vir ouers met kinders. Kontak Danie Esterhuyse 050 6162240

Woensdagaand

**Al Ain**

- Kontak **Erich Ipland,** indien u wil inskakel of mense verwys, sy kontaknommer is op 050 812 3016. Tyd is 19: 30
- Kontak **Annatjie Venter** indien jy by die verpleegsters se selgroep wil inskakel. Haar kontaknommer is 050 5330829
- Kontak **Manie** Villa 1 Straat 6, Alkhabisi. Kontaknommer is 050 813 5292 Tyd 19:00

Dinsdagaand Biduurgroep

•Aan huis van **Yolande Rass** in ***Arabian Ranches Al Reem 3, Villa 135, Straat 1.*** Kontakno 050 886 8053 Tyd 19:30

Woensdagaand Biduurgroep

•Aan huis van **Jan en Sharon Pretorius** in **Meadows 7, Straat 2, Villa 18.** Kontaknommer is Sharon by 050 6514407. Tyd is 19:00.

•Aan huis van Linda en Gerhard in **Meadows 9, Straat 14, Villa 43** vir mense wat Egelstalig wil bid. Kontaknommer is Linda 055 831 7457. tyd is 19:00

**Donderdagoggend Jeugbiduur om 10:00**. Bidgroep **vir die jeug** by Ds Gert in Springs 3 Skakel Ds Gert op 0508368392